# PAASTYD

## HUISGELOOF



**Paastyd is 50 dae lank - 40 dae na Paasfees is dit Hemelvaart en 10 dae later vier ons Pinksterfees.** Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## DiE GOEiE HERDER

## 1 PET 2, JOH 10

### OMGEE

Ons herdenk op Vryheidsdag 27 April 1994 toe SA die eerste demokratiese verkiesing gehad het. Voor dit was daar apartheid, en rasse diskriminasie. Na daardie dag vier ons vryheid, gelykheid en menswaardigheid. Vertel vir mekaar wat jy die meeste van die land of mense in SA hou.

### GESELS

Dit is vandag Goeie Herder Sondag waar gelowiges dwarsoor die wêreld onthou dat Jesus hulle lei en beskerm soos 'n skaapwagter sy skape.

**Lees: Joh 10:1-11 en 1 Pet 2:25**

- Hoekom luister skape na die herder?
- Wat is anders van hierdie Goeie Herder?
- In die lig van SA se geskiedenis, wat het die Goeie Herder se verhaal te doen met mense wat swaarkry?

### DOEN

Kyk hoeveel liedere julle aan kan dink wat die woorde skaap, herder, volg, lei, luister, ens. in het. Maak 'n Goeie Herder playlist waarna julle hierdie week kan luister.

### BID

Rol 'n dobbelsteen en bid vir:

1. mense wat Jesus nie ken
2. eensame mense
3. siek mense
4. kinders sonder 'n ouer/s
5. bejaardes
6. mense wat hartseer voel

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: